



MYPLAAS

Volume 5

JUL 2023

STROPER RESIES 2023

Klas 6 en Klas 8 artikles oor New Holland, Case IH,
John Deere en Massey Ferguson se deelname

Die nael-byt
Klas 6 Resies

Klas 8
Tyd vir die groot honde!



Foto krediet: Swart Kat Productions

INHOUDSOPGAWE

- 3 Voorwoord
- 11 Opwinding vir Grootpan


Klas 6

- 13 'n Nael-byt Klas 6 Stroper Resies
- 16 Optimalisering van Oesdoeltreffendheid met die New Holland CR6.80
- 18 Die gemak van die Massey Ferguson 9695.
- 20 'n Nuwe manier vir 'n skoner oes met Case IH 6150
- 22 Nuwe tegnologie met John Deere S760
- 24 Sakeliga Kragdag 2023

Klas 8

- 27 Tyd vir die groot honde!
- 30 New Holland CR 7.90
- 32 Case IH glo een grote is beter as twee kleintjies
- 34 Fendt IDEAL 8
- 35 'n Masjien met 'n Groot Hart - John Deere
- 37 Dwarsdrom of Rotor Of Al twee?
Claas 7600
- 40 5 Alternatiewe gebruike vir jou blaarblaasmasjien
- 43 Die vermindering van Stof risiko's in Boerdery
- 46 Veilings en Funksies

VOORWOORD



D

ie stigting van die nuwe MyPlaas landbou tydskrif was 'n enorme projek wat ewe uitdagend as opwindend was - en soos die span sterk daarop voortbou, is dit steeds. Die opwinding om inhoud wat

vars, nuut en uit-die-boks is te kan voortsit is iets wat die MyPlaas span steeds maand-tot-maand met groot entoesiasme aanpak, ongeag die uitdagings en onsekerhede wat soms daarmee gepaard gaan. Die ure en ure se beplanning, samevoeging en redigering om kwaliteit inligting aan ons lesers te bring is 'n voorreg wat alle twyfel en vrese oor die omvang van so 'n reuse projek vêr na die agtergrond dwing. Nes 'n boer wat getrou plant met die kinderlike geloof dat hy suksesvol gaan oes, is ons as die MyPlaas span vol van daardie selfde geloof dat ons tydskrif nie net met rasse skrede gaan groei nie, maar 'n waardevolle deel van elke boer se huishouding gaan uitmaak. Ons droom groot, ons mik hoog, en ons sal voortgaan om nuttige, interessante en bruikbare leesstof aan al ons troue leser te verkaf.

In hierdie uitgawe het ons die voorreg om die fokus te plaas op die Grootpan Stroperreries wat plaasgevind het op 2 Julie 2023. Dié unieke geleentheid het aan boere die kans verskaf om die nuutste stropers op die mark in aksie te sien, en met mekaar te vergelyk. Ons bring aan julle die resies se uitslae, die tegniese data en die volle ervaring van hierdie uiters suksesvolle en pret-belaaide dag!

Sonder julle - ons lesers - se volgehoue ondersteuning en bydrae, sou MyPlaas nooit die lig gesien het nie. Met dankbaarheid aan julle en 'n blink hoop vir die toekoms van ons tydskrif is daar dus een ding oor om te sê... lekker lees!

ONS PRAAT BOER

National Boran Auction



15 JULY 2023

AFRIDOME • PARYS • 11H00

BORAN AGM 14 JULY 2023 @ 13H00 • AFRIDOME • PARYS

✉ boran@boran.org.za

🌐 www.boran.org.za

☎ +27 (0) 51 410 0951

☎ Christopher Havenga (Technical Advisor): 082 821 1527

☎ Ian Grobbelaar (Vleissentraal): 060 965 6207

God's gift to cattlemen!



BORAN CATTLE
BREEDERS' SOCIETY
OF SOUTH AFRICA



FARMSPACE

MEERKAT
ONLINE AUCTIONS



Excelsior | Lot 2 | JF 19-6



Bosbokrand | Lot 3 | EED 20-4



Marones | Lot 6 | JH 17-120



Ooskus | Lot 10 | GE 20-35



Hessi | Lot 18 | BS 21-5



Gerben | Lot 19 | BG 20-86



NATIONAL

Auction

20 Years of
Boran Magic!

15 July 2023

Kwanare | Lot 21 | KW 20-518



Bothasberg | Lot 23 | BAS 20-324



Mountain View | Lot 25 | BS 21-7



Langfontein | Lot 27 | LD 20-45



Jabea | Lot 33 | WS 19-65



Duikerbosch | Lot 35 | BCL 17-6



Coco | Lot 39 | YF 18-91



SIRRS | Lot 40 | SRS 20-14



Brooks | Lot 41 | LJB 16-36



Groenland | Lot 44 | GLB 17-6



Olifantsklip | Lot 46 | CP 20-31



Drostdy | Lot 47 | DBC 19-1



JB | Lot 50 | JBB 20-59



Yatta | Lot 54 | ABW 20-94



Fontaine | Lot 59 | JT 16-198



Bontran | Lot 66 | BTR 20-2



BIT | Lot 67 | OBA 20-12



Bosbokrand | Lot 70 | EED 20-3



Marones | Lot 72 | JH 17-53



Ooskus | Lot 76 | GE 21-6



Hessi | Lot 84 | HJ 20-20



Kwanare | Lot 87 | KW 20-530



Bothasberg | Lot 89 | BAS 18-201



Mountain View | Lot 91 | BS 20-36



Jabea | Lot 96 | WS 19-103



Savanna | Lot 99 | BMK 20-30



SIRRS | Lot 100 | SRS 20-8



Groenland | Lot 103 | GLB 20-1



Olifantsklip | Lot 105 | CP 20-26



Drostdy | Lot 106 | DBC 19-62



Yatta | Lot 113 | W 15-1121



Fonteine | Lot 116 | FN 19-48





BORAN

*20 Years of
Boran Magic!*

PHOTOS AND CATALOGUE
DESIGNED BY



OPWINDING VIR GROOTPAN

Deur: Lizelle Fourie

20 jaar terug het Kobus en Andre du Preez van Grootpan besluit om finaal uit te vind wie die beste stroper het. Andre het 'n Case stroper gehad, en Kobus 'n John Deere stroper. Vriende en Familie is genooi om die “wen akker braai” te kom bywoon en te kom kyk hoe die twee broers kompeteer. So het die stroper resies gegroei tot waar dit vandag is, met boere in die omgewing wat dit ag as 'n “klein Nampo”.

Terwyl die dag steeds die resies het as 'n fokus punt, het die dag gegroei na 'n informatiewe dag waar die boere kan kom kyk na nuwe tegnologie wat beskikbaar is in implemente en masjienerie deur middel van demonstrasies. Die dag bied ook die geleentheid vir verskaffers om met die boer in aanraaking kan kom. Vermaak is daar vir die hele familie met heerlike kos en lekker kuier plek.

Die jaar het die stroperresies gespog met stropers van New Holland, Case, Massey Ferguson, John Deere, Claas en Fendt, terwyl die tapkar resies gespog het met name soos JWL Landbou, Feeler, BPI, Van Zyl Staalwerke, JBH Agri en Cerealis.

Die Grootpan Studiegroep se doelwit is om boere in die omgewing bymekaar te bring tussen die gejaag van die lewe, met die fokus op boerdery, en het dit gebruik om die boere en gemeenskap nader te trek. Die Grootpan Studiegroep ontstaan uit 22 boerdery eenhede, en gee maatskappye die platform om op een slag hul produk bekend te stel, beproef en/of demonstreer. Dit bied die perfekte geleentheid vir verskeie maatskappye om nie net met die boere in die gemeenskap in aanraaking te kom nie, maar ook as die perfekte platform vir bemaking.

Grootpan studiegroep is nagenoeg 'n dekade betrokke by die stroperresies in samewerking met Du Preez Landgoed. Die resies vind plaas in Grootpan, tussen Lichtenburg en Koster, Noordwes, op die Du Preez Landgoed. Die dag is enig aan sy soort in Suid Afrika.

Hoewel die dag klaar 'n sukses is, gee dit hoop vir boere, die gemeenskap en die industrie.

Die boere in die gemeenskap produseer elkeen iets anders, van hoenders tot beeste en van saad en groente. Die rooigrond en goeie ondergrondse water reservoires maak die area uniek vir boerdery, maar die boere deel dat dit soveel meer is wat die area uniek maak. Gemeenskap en samesyn is die steunpilaar vir Grootpan.



Foto krediet: Swart Kat Productions



On Top OF IT ALL

PRODUKSIEVEILING

20 JULIE 2023

PAARDEFONTEIN, STANDERTON

AANBOD: 20 Bulle | 30 SP Koeie | 200 Kommersieel

SHM **MEEKAT**
ONLINE AUCTIONS

Johann Pistorius 083 630 8090 | Gareth Hughes 071 130 5613
Johan van der Nest 082 574 4220

DIE HAAS EN DIE SKILPAD

‘N NAEL-BYT KLAS 6 STROPER RESIES



Foto krediet: Swart Kat Productions

ANDRÉ GROENEWALD
FARMSPACE (DIREKTEUR)

Soos die Klas 6 afdeling van Stroper Resies 2023 ontvou, styg die kompetisievlak tot 'n meesleurende kookpunt. Die wedloop se deelnemerslys spog met hulle vier middelgewig mededingers: die Massey Ferguson 9695, die Case IH 6150, die New Holland CR 6.80 en die John Deere S 760, elk met hul unieke tegnologiese sterk punte.

Die Massey Ferguson 9695, wat uniek toegerus is met 'n horisontaal gemonteerde enkel rotor, begin die kompetisie. Hierdie horisontale ontwerp gee die masjien 'n duidelike voordeel. Die in-lyn enjinopset minimaliseer krag verliese, 'n getuigskrif van ingenieursvernuf wat masjien doeltreffendheid effektief maksimaliseer.

Om nie agter gelaat te word nie, handhaaf die Case IH 6150 sy langstaande tradisie met sy ikoniese Axial-Flow enkel rotor sisteem. Hierdie beproefde en betroubare tegnologie, wat die landbou gemeenskap vir dekades gedien het, anker Case IH stewig in die geskiedenis van landbou-innovasie.

Om by te dra tot die kompeterende hitte, tree die New Holland CR 6.80 met sy dubbel rotor sisteem in die stryd, met 'n tegnologie wat sy waarde oor verskeie dekades bewys het. Die masjien se unieke voor-sif stelsel, strategies net agter die rotors geplaas, verseker dat materiaal slegs een keer gedors word, wat sy kapasiteit doeltreffendheid drasties verhoog.

Die John Deere S 760 voltooi die deelnemerslys en het 'n enkel rotor opset, maar met 'n letterlike draai. Sy innoverende TriStream rotor, met 'n effense "taper" en 'n spesiale helling om materiaalvloeï deur die stroper te optimaliseer, belooft die fynste dorsaksie.

Soos die hoogs-verwagde wedloop wegspring, ontvou 'n opwindende stryd. Die Massey Ferguson, Case IH en New Holland beland in 'n nek-aan-nek stryd, met die John Deere wat naby agtervolg. Halfpad deur die resies begin die Case IH onder die res uittrek en bewerkstellig 'n effense maar duidelike voorsprong. Die posisies soos hulle klaarmaak plaas die Case IH gemaklik in 1ste plek, gevolg deur New Holland, Massey Ferguson en John Deere in die vierde posisie.

Interessant genoeg, agv van sy aanvanklike spoed en eerste oor die eindstreep, sukkel die Case IH in die vermorsings gedeelte, met 'n ver onder gemiddelde 6.22 uit 'n moontlike 20 punte. In 'n onverwagse wending, skommel die finale uitslae, met die New Holland wat 'n oorweldigende oorwinning behaal met 'n totaal van 86.72 punte, gevolg deur Massey Ferguson met 76.73 punte, Case IH met 76.37 punte en John Deere eindig vierde met 69.38 punte.

Georganiseer deur die Grootpan Studiegroep, lewer Stroper Resies 2023 'n opwindende uitstalling van die toekoms van landbouthoerusting, en beklemtoon die feit dat eerste oor die eindstreep nie altyd 'n oorwinning verseker nie. Dit beklemtoon dat algehele prestasie, insluitende vermorsing en doeltreffendheid, kritiese faktore is wat die ware kampioen bepaal. Die spanningsvolle kompetisie in hierdie klas het toeskouers aan die raai gehou, tot op die einde!

KLAS 6
WENNER



CR6.80

TEGNIËSE DATA

SPOED	45.75
GRUIS ONDER SIF	06.99
GEBREEKTE PITTE BO SIF	08.23
VERMORSING AGTER STROPER	19.05
KOPPE GELOS/GEKNIP	07.50
TOTAAL	87.52%

Save up to 30% annually

With 'pay as you farm' we track your vehicles in real-time, whether they're being used in the fields or stored in the shed... And they're always covered comprehensively, wherever they are.



PAY AS YOU FARM



You can use this tracking data to make accurate usage decisions from wherever you are, while we use the data to award an annual rebate of up to 30% on your policy's annual renewal date.

The future of farming is saving, thanks to 'pay as you farm' from King Price.

Chat to your broker or pop us an email at agri@kingprice.co.za



KingPrice
INSURANCE

OPTIMALISERING VAN OESDOELTREFFENDHEID MET DIE NEW HOLLAND CR6.80

ANDRÉ GROENEWALD
DIREKTEUR (FARMSPACE)

Foto krediet: CNH Industrial



Foto krediet: CNH Industrial

In die dinamiese landskap van landbou waar elke graankorrel tel, is dit noodsaaklik om die voerpunt van masjinerie en tegnologieë te benut. 'n Uitblinker is die CR6.80 stroper van New Holland, wat landbouproduktiwiteit en doeltreffendheid aansienlik verhoog met sy innoverende dorsmeganisme en hoëprestasie enjin.

'n Kenmerkende eienskap van die CR6.80 stroper is sy Twin Rotor™ tegnologie, noukeurig ontwerp om dorsdoeltreffendheid te optimaliseer en graanverlies tot 'n minimum te beperk. Die stelsel gebruik S3 rotors met 'n deursnee van 43.18 cm en 'n lengte van 263.65 cm om te verseker dat elke korrel behoorlik die eerste keer reg gedors word.

Die CR6.80 se dorsmeganisme word gekenmerk deur sy vaste rotor wiele en elektriese verstelbare konkawes, wat 'n wikkelhoek van 86 grade bied, wat tot 121 grade uitgesprei kan word. Die stroper beskik ook oor drie skeidingsroosters per rotor met 'n wikkelhoek van 148 grade, wat 'n doeltreffende en deeglike skeidingsproses verseker, om sodoende graanbeskadiging en -verlies tot 'n minimum te beperk.





Foto krediet: CNH Industrial

Om dit aan te vul, is die CR6.80 toegerus met die Opti-Clean™ skoonmaakstelsel tesame met 'n totale sifoppervlak van 5.4 m², word 'n skoon graanmonster amper gewaarborg, wat verder bydra tot die doeltreffendheid van die oesproses.

Die kragtige FPT Industriële enjin wat die CR6.80 aandryf, sorg dat hierdie gesofistikeerde dorsmeganisme optimaal funksioneer deur Vlak 3-voldoende tegnologie en is dit nie net enige enjin nie, maar 'n kragtige masjien met 'n kapasiteit van 8700 cm³ en 'n gesamentlikespoor-dieselinspuitingstelsel.

Die enjin het 'n konstante lewering van 230 kW teen 2100 rpm, in ooreenstemming met ISO TR14396 – ECE R120 standaard. Hierdie krag kan opskiet tot 'n maksimum van 268 kW teen 2000 rpm, wat ruim krag lewer vir die mees veeleisende toestande.

Die enjin se krag word hanteer deur 'n 4-spoed hidrostatische transmissie, met afstandbeheerde ratverskuiwing en 'n ewenaarslot. Opsionele tweespoed aangedrewe agterwiele verskaf addisionele krag en trekking in uitdagende omstandighede.

Ter afsluiting is die gevorderde dorsmeganisme en kragtige enjin van die New Holland CR6.80 geoptimaliseer om gesamentlik oes doeltreffendheid te verseker. Dit getuig van New Holland se onwankelbare verbintenis tot innovasie en hul strewe om hoëprestasie, presisie landbou oplossings te lewer. Met sy 2 rotors en kragtige enjin, is die CR6.80 geposisioneer om beslis 'n paar vere te ritsel.

Foto krediet: CNH Industrial



DIE GEMAK VAN DIE MASSEY FERGUSON 9695

André Groenewald
Farmspace (Direkteur)



Foto krediet: Swart Kat Productions



Foto krediet: Swart Kat Productions

As jy 'n eenvoudige stroper soek wat maklik is om mee te werk, is die Massey Ferguson 9695 vir jou. Die filosofie van hou by wat werk en maak dit bietjies bietjies beter is wat hier geld. Van die enjin tot by die dorsaksie het hulle aan die operateur gedink.

Maar moenie dat eenvoud jou flous nie, hy staan nie terug as dit kom by wat saakmaak nie...

Die sentrale funksie van die MF 9695 is sy innoverende Trident dorsmeganisme. Dit sluit in 'n 700 mm deursnee rotor wat ontwerp is om 'n gelyke vloei van materiaal deur die rotor te verseker deur middel van 'n 360-grade invoer. Hierdie stelsel verminder die waarskynlikheid van verstoppings, deur gebruik te maak van veer-gelaaide konkawe wat meegee en die materiaal na agter stort as die volume te groot word. Hierdie proses verseker 'n gladde en doeltreffende stroopervaring, wat die oesprosesse vergemaklik en verseker die operateur spandeer sy tyd waar nodig. Besig om te stroop.



MASSEY FERGUSON

Die hart van die MF 9695 is die AGCO Power enjin. Hierdie enjin, wat bekend is vir sy betroubaarheid en prestasie, lewer 'n indrukwekkende 240 kW. Hierdie stroper onderskei homself verder deurdat die motor en rotor in lyn met mekaar geplaas is, wat die maksimum kragoordrag en stroopdoeltreffendheid verseker.

Verder het die MF 9695 ook 'n V-verkoelingstelsel - 'n dubbele verkoelingsopset in 'n V-vorm, toegerus met 'n sif aan die bokant en 'n onafhanklike omkeerwaaier. Dit verseker dat die enjin afgekoel bly, selfs onder die mees veeleisende oesomstandighede.

Die MF 9695 is ontwerp met die boer se behoeftes in gedagte. Die toegang tot die enjin is maklik, deur 'n groot klap aan die regterkant van die masjien. Hierdie ontwerp verseker dat die enjin se onderhoud en inspeksies moeiteloos uitgevoer kan word. Die lug wat deur die enjin se lugfilter ingetrek word, kom van die V-verkoelingstelsel, wat beteken dat die ingeneemde lug selfs skoner is as normaal – 'n noodsaaklike voordeel in stowwerige omstandighede.

Binne die kajuit bied die MF 9695 'n ruim en gemaklike bedieningsomgewing. Met sy dun hoekpilare wat die siglyn nie versteur nie en 'n maklik toeganklike kontrolepaneel by die regterarmleuning, stel hierdie masjien 'n nuwe standaard in gebruikersgemak.



Foto krediet: Swart Kat Productions

Die Massey Ferguson 9695 is die nuweling van stroop en bring 'n nuwe era van innoverende en boervriendelike tegnologie in die landboubedryf. Met sy kragtige AGCO Power enjin, sy effektiewe Trident-verwerkingstelsel, en sy gebruikersvriendelike ontwerp, is hierdie stroper gereed om die spel te verander en om boere se stroopproses na nuwe hoogtes te neem.

CASE IH



‘N NUWE MANIER VIR ‘N SKONER OES MET CASE IH 6150

Foto krediet: Swart Kat Productions



Hierdie stropers het 'n soliede reputasie gebou rondom hulle betroubare dorsmeganisme en meganiese eenvoudigheid. Dit is 'n kragtige kombinasie van beproefde tegnologieë en innoverende eienskappe wat dit 'n beduidende rolspeler gemaak het in vanjaar se kompetisie.

Die sleutel tot die Case IH 6150 lê in sy bekende Axial-Flow-stelsel, 'n vernude ontwerp wat stropers se ontwerp en prestasie vir dekades gedefinieer het. Die Axial-Flow-konsep bied 'n manier om graan in 'n enkele deurgang te dors en te skei, deur doeltreffendheid en kwaliteit te kombineer om 'n onoortreflike prestasie te lewer.

Die Axial-Flow-stelsel gebruik 'n horisontaal gemonteerde rotor as die "kloppende hart" van die masjien. Soos die materiaal die rotor binnekom, maak dit 'n spirale reis langs die lengte van die rotor af (Axial Flow) en word effektief gedors. Die ontwerp van die rotor is geoptimaliseer om graan sag maar effektief te skei, terwyl dit graanbeskadiging minimaliseer en opbrengs maksimaliseer.

Nadat die graan geskei is, gaan dit deur die hoogs doeltreffende Cross-Flow Skoonmaakstelsel. Hierdie stelsel maak gebruik van 'n reeks van siwwe in kombinasie met 'n hoë-volume Cross-Flow-waaier, ontwerp in 'n unieke chevron-vorm. Die waaier blaas ligter materiaal effektief weg, terwyl die swaarder graan op die siwwe bly, en skei so die graan van die kaf en strooi. Hierdie skoonmaakproses se doeltreffendheid word verder verbeter met 'n opsionele funksie: outomatiese waaierspoed-aanpassing, wat verseker dat die waaier se spoed aangepas word na gelang van die helling van die terrein, om sodoende optimale skoonmaakprestasie te verseker en verliese te minimaliseer.

Foto krediet: Swart Kat Productions

Wanneer dit by krag kom, het die Case IH 6150 beslis nie 'n tekort nie. Die sterk 260 kW FPT enjin is ontwerp vir optimale brandstofdoeltreffendheid en bring sy kant met enige toestande. Gekoppel aan 'n direkte meganiese aandryfstelsel, verseker dit 'n doeltreffende kragoordrag vir 'n wye reeks van komponente. Hierdie eenvoud van aandrywingslyne verminder die behoefte van komplekse onderhoud en sorg vir betroubare werking.

As die afstammeling van een van die voormalige weners, die Case IH 6140, is die Case IH 6150 virseker een van die gunsteling vir die Klas 6 afdeling gewees.



Foto krediet: Swart Kat Productions



NUWE TEGNOLOGIE MET JOHN DEERE S760

Deur: Lizelle Fourie

Die John Deere S760 stroper is 'n kragtige masjien wat baie voordele bied aan boere. Een van sy belangrikste kenmerke is die Combine Advisor™-pakket wat help om hoofstroperfunksies te stel, te optimaliseer en te outomatiseer wanneer toestande verander. Hierdie pakket sluit die ActiveYield™-stelsel in wat ten volle outomatiese opbrengssensor kalibrasie bied, wat akkurate data lewer sonder dat enige tyd wat aan kalibrasie bestee word.



Foto krediet: John Deere

Foto krediet: Swart Kat Productions



Die S760 het ook 'n gemaklike S700-kajuit wat algemeen is met trekkers en spuitmasjiene vir gerieflike gebruik. Die voortgesette gehaltevervaardiging van S-reeks stroopers maksimeer bedryfstyd en produktiwiteit.

In terme van tegnologie, beskik die S760 oor die TriStream-rotor wat brandstofdoeltreffendheid maksimaliseer deur die krag wat nodig is om materiaal deur die stroper te beweeg met tot 20 persent te verminder. Hoë kapasiteit begin by die voerhuis, waar die S-reeks groot opruimingsareas bied vir hoë volumes gewasse om ononderbroke te vloei.

In terme van spesifikasies, het die S760 'n John Deere PowerTech™ PSS-enjin met 'n 9.0 L verplasing en 'n gradeerde krag van 249 kW (333 hp)¹. Sy brandstofkapasiteit is 950 L (250 gal.)¹. Die rotorlengte is 312 cm (123 in.) en die rotordiameter is 76.2 cm (30 in.)¹. Die konkawe area is 1.1 m² (11.8 vk vt) en die skeidingsarea is 1.54 m² (16.6 vk vt)¹. Die totale skoonmaakarea (louwered) is 5.1 m² (54.9 vk vt)¹. Die graan tenk grootte is 10,600 L (300 bu) en die piek aflaaibare koers is 127 L/s (3.6 bu/sec)¹.

In geheel bied die John Deere S760 stroper baie voordele aan boere deur sy gevorderde tegnologie, gerieflike gebruik en hoëgehaltevervaardiging.



Foto krediet: John Deere



JOHN DEERE



Alternatiewe Energie & Selfstandigheid ekspo! 9-12 Augustus 2023

Diamantvallei Landgoed, 20km oos van Pretoria



600 Uitstallers



50% Afslag indien
vooraf registreer!



Kinders tot 18 GRATIS.



30 000+ Besoekers



OPVOEDKUNDE SUB-EKSPO



LANDBOU SUB-EKSPO in
samewerking met TLU SA



KUNS EN KOU MARK
in samewerking met
Solidariteit Helpende Hand



*Kom ons bou 'n
Kragstasie*

087 231 1644
www.kragdag.co.za



SAKELIGA KRAGDAG 2023:

Kom ons bou 'n Kragstasie

Sone Saunders

-Kragdag Oorhoofse Koördineerder



As jy moeg is vir die voortdurende onderbrekings van beurtkrag asook ander probleme in Suid-Afrika, en soek na maniere om onafhanklik te word, dan is Sakeliga KragDag 2023 'n moet-besoek. Die ekspo vind plaas van 9-12 Augustus 2023 op Diamantvallei Landgoed, slegs 20km oos van Pretoria. KragDag is die grootste alternatiewe energie en selfstandigheid ekspo in die land, met meer as 600 ondernemings wat hierdie jaar deelneem.

Die tema vir Sakeliga KragDag 2023 is "Kom ons bou 'n kragstasie". Hierdie "kragstasie" moet nie noodwendig letterlik verstaan word nie, maar is 'n metafoor van selfstandigheid vir huishoudings, ondernemings en gemeenskappe.

Die ekspo, wat die oppervlakte van twaalf rugbyvelde beslaan, het in 2022 ongeveer 31 000 besoekers gelok en bied 'n platform vir inspirasie en inligting vir elke aspek van 'n selfstandige leefstyl: van alternatiewe energie, voedselverbouing, veiligheid en nuwe tegnologie, tot opvoedkunde, entrepreneurskap en buitelewe. In die Raadsaal is ook verskeie aanbiedings oor aktuele- en selfstandigheidsoplossings.

Die Landbou sub-ekspo, in samewerking met TLU, bied iets vir opkomende en gevestigde boere in die graan-, vee- en gewasbedryf, maar ook vir die kleinskaal en agterplaas boer. Die program bevat 'n




propvol arena- en skouringsprogram, met Plaasmedia se jaarlikse Toyota Junior Afslaerskompetisie streeksuitdunne as een van die hoogtepunte.

Maar Sakeliga KragDag is nie net 'n handelskou nie. Dit is 'n heerlike gesinservaring met volop vermaak vir die kinders en volwassenes met 'n kou en kunsmark, 'n verskeidenheid kos en 'n biertuin met verhoogoptredes. Besoekers kan selfs in die KragDag kampterrein kamp met hul eie woonwa / tent, of in klaar ingerigte tente.

Vir diegene wat met 'n ligte vliegtuig reis, op die Rhino Park Vliegveld land en van die pendeldiens na die ekspo gebruik maak. Helikoptereienaars het ook 'n landingstrook beskikbaar op die ekspo se perseel.

Koop vandag nog jou kaartjie aanlyn en kry 50% afslag – dit gee jou toegang vir al vier ekspo-dae! Besoek www.kragdag.co.za vir meer inligting!



Doen jou eie ding – dis 'n leefstyl!



AANBOD:

50 Geregistreerde Ramme

90 Geregistreerde Ooie

250 Kommersiële Ooie

Nota: Ramme vrugbaar gesertifiseer.
Dragtigheidsstatus en katalogus inligting
sal dag van veiling beskikbaar wees.



Onthou die datum!



24^{ste}

OVERVAAL ILE DE FRANCE KLUBVEILING

Saterdag | 5 Augustus 2023 | 11:00

te **Bona Bona** (langs N12) tussen
Klerksdorp en Wolmaransstad



Onder beskerming
van die
Ile de France
Skaaptelers Genootskap.



Terme: Volledige veulingsreëls is beskikbaar by: www.bkb.co.za

AFSLAERS:
BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEAST,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338
REG NR.: 1998/012435/06

NAVRAE:
DIAAN NIEUWENHUIS 083 636 2314
OVERVAAL ILE DE FRANCE:
GERT VAN DER LINDE 079 524 7954
YVONNE DAFFUE 082 820 5595
AFSLAER: JAN MOSTERT 083 306 8408

MEERKAT
ONLINE AUCTIONS

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

WWW.BKB.CO.ZA

TYD VIR DIE GROOT HONDE!

ANDRÉ GROENEWALD
FARMSPACE (DIREKTEUR)

DIE MEDEDINGERS

NEW HOLLAND CR7.90:

Hierdie deelnemer, tegnies 'n Klasse 7 stroper, is 'n dapper deelnemer in die Klasse 8 wedren. Die CR7.90, ten spyte van sy kleiner kraguitset van 300 kilowatt en kleiner sifkapasiteit, innoveer met 'n tweelingrotor opstelling. Hierdie opstelling herwin graan deur 'n vooraf-sif stelsel, wat doeltreffend sy kapasiteit verhoog.

FENDT IDEAL 8:

Hierdie splinternuwe masjien van Fendt spog met 'n kraguitset van 401 kilowatt en 'n tweelingrotor opstelling, met die langste rotors in die bedryf, 'n getuigskrif van Fendt se innoverende ontwerp en ingenieursvernuf.

CASE IH 8250:

Aan die stuur van hierdie formidabele masjien is Tommie Scholtz, 'n boer van Bergville wat sy stroper ingevoer het. Die Case IH 8250 is toegerus met 'n slim oesbevelstelsel wat outonoom aanpas vir optimale oes, om onnodige saadverspilling te voorkom. Verder verseker sy enkelrotor opstelling bekwame graan skoonmaak. Die Axial-Flow stelsel is al vir dekades die kern van Case IH. Hoe sal dit die toets van tyd deurstaan?

Toe 2 Junie 2023 aangebreek het, het die velde gons van swaar masjinerie, want dit was die dag van die Klasse 8 Stroper Wedren. Met vyf kragvolle inskrywings van toonaangewende vervaardigers en 'n dapper onafhanklike boer, het die geleentheid 'n adrenalien-ge vulde spektakel van spoed en top-tegnologie belowe.



Foto krediet: FarmSpace video

CLAAS 7600:

Met Andre Du Preez aan die stuur, maak die CLAAS 7600 gebruik van 'n hibried stelsel. Die tradisionele dors stelsel word ondersteun deur twee bykomende rotors vir skeiding, wat verseker dat die meeste dors deur die drie dromme voor gebeur, wat die totale operasionele doeltreffendheid verhoog. Met Andre wat die tuisskare voordeel het, hoe sal hy vaar?

JOHN DEERE S780:

John Deere stel die unieke TriStream stelsel bekend met sy S780 model. Die enkelrotor opstelling is spesiaal onder 'n hoek en versmal, wat help met dors en 'n gladde graanstroom deur die stroper waarborg.

Bygevoeg tot die reeks is die seun van Andre se broer, ook Andre Du Preez of Doepi, wat die nalatenskap voortsit om deel te neem aan die jaarlikse Stroper Wedren, die gees van onafhanklike boerdery verteenwoordigend tussen hierdie korporatiewe reuse.

Toe die wedren begin het, het 'n klein vertraging by die begin die Fendt Ideal, New Holland, en Case IH masjiene agter gelaat, maar Andre Du Preez se Claas 7600 het vinnig die leiding geneem. Die New Holland, met 'n krag nadeel, het begin agterbly, terwyl Tommie Scholtz se Case IH 8250 homself in 'n harde stryd met die voorste CLAAS 7600 bevind het.

Die kompetisie het 'n onverwagte draai geneem toe Doepi, as gevolg van 'n sif defek, minder graan materiaal deur sy stroper gehad het. Dit het hom in staat gestel om te versnel en die veld in te haal.

Die opwindende kompetisie het geeindig met 'n foto eindstreep. Video materiaal het getoon dat die CLAAS effens voor was van die Case, maar na in ag neemning van alle tye en herbesoek van die drone beeldmateriaal, is die Case IH 8250 as die wenner aangewys, net 'n sekonde voor die CLAAS.

John Deere het die derde plek behaal, gevolg deur Fendt in die vierde en New Holland in die vyfde plek. Die finale punte, gebaseer op 'n 100-punt skaal, het spoed (50 punte), hoeveelheid gruis onder die sif (10 punte), gebreekte sade bo-op die sif (10 punte), verspilling agter die stroper (20 punte), en kolve agtergelaat deur die stroper (10 punte) oorweeg.

Die geleentheid, gereël deur die Grootpan Studiegroep en Du Preez Landgoed, het die graderings bereken op grond van verskeie kriteria, insluitend spoed, gruis hoeveelheid onder die sif, gebreekte sade op die bokant van die sif, verspilling agter die stroper, en oorblywende kolve. Die finale tellings het gestaan op Case IH wat lei met 92.08 punte, CLAAS Lexion wat 85.95 punte verdien het, Fendt Ideal met 82.72 punte, John Deere wat 75.81 punte opgetel het, en New Holland wat 63.44 punte behaal het.

Die Klasse 8 Stroper Wedren 2023 het 'n fasinerende kykie gebied in die toekoms van landboumasjinerie en kompetisie, met Case IH wat die oorwinning tuis bring. Dit was 'n opwindende dag, en alle deelnemers verdien erkenning vir hul uitstekende prestasies.



AANGEBOED DEUR GROOTPAN STUDIEGROEP



IN SAMEWERKING MET DU PREEZ LANDGOED



MEDIADEKKING DEUR FARMSPACE





AANGEBOED DEUR GROOTPAN STUDIEGROEP



IN SAMEWERKING MET DU PREEZ LANDGOED



MEDIADEKKING DEUR FARMSPACE



KLAS 8 WENNER

CASE IH 8250

Moontlik gemaak deur CASE IH



STROPER RESIES 2023 • KLAS 8 • DEELNEMERS

TEGNIESE DATA

KRITERIA	%	CASE 8250	CLAAS LEXION 7600	FENDT IDEAL 8	JOHN DEERE S780	NEW HOLLAND CR7.90
SPOED	50%	45,85	45,54	37,23	45,54	25,85
GRUIS ONDER SIF	10%	08,62	08,01	07,72	07,62	08,04
GEBREEKTE PITTE BO SIF	10%	08,26	07,83	08,31	07,79	07,80
VERMORSING AGTER STROPER	20%	19,35	19,58	19,45	04,86	16,75
KOPPE GELOS \ GEKNIP	10%	10,00	05,00	10,00	10,00	05,00
TOTAAL		92,08	85,95	82,72	75,81	63,44









RUGER

BH 18 637

Son of Picasso GF 10 23

ON AUCTION
5th of August



**PRODUCTION
AUCTION**

Saturday

05 AUG 11am

40 SP females
10 SP bulls
50 cross bred boran females

BENEFITS OF BUYING BORAN FROM US

*Pedigrees are DNA verified
Largest registered Boran herd in the world
Unparalleled genetic diversity
Quarantine assistance for exports available
Free transport to select destinations
Guaranteed weaner calf buy back at a premium*



**THE BULL RING
AUCTION HOUSE**

**SUMMER
SALE**

Tuesday

10 OCT 11am

30 SP females
20 SP bulls
